

Skrifgedeelte: Deuteronomium 3:21-29

Fokusgedeelte: Deuteronomium 3:26

Die sonde en my onverhoorde gebede

Daar is gebede wat God nie verhoor nie, en ons kan op 'n punt kom waar ons nie verder oor 'n saak moet bid nie.

Moses bid, maar word nie verhoor nie en daarby word hy die swye opgelê. Vers 23 sê dat hy die Here gesmeek het. Dit was letterlik 'n uitstort van sy hele wese voor God – 'n gebed uit die hart. Hy bid nederig en as iemand wat God ken. Hy bring ook lof aan die Here (vs 24) – sy gebed vertoon al die eienskappe van 'n opregte gebed. Sy versoek is eenvoudig: hy wil die land Kanaän sien, maar hy word afgewys.

Hoe kan God so 'n ootmoedige hart afwys? Vers 26: “Maar deur julle toedoen het die Here destyds vir my kwaad geword en daarom het Hy nie nou my gebed verhoor nie.” Dit was daar by die waters van Meriba waar sy geduld met die wederstrewige volk opgeraak het. Daarom roep hy: “Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat vloei?” Toe slaan hy die rots twee keer en daar kom water uit.

Vir hom en Aäron was dit egter bitter water. Vanweë Israel se sonde doen Moses self ook sonde en daarom verhoor God nie sy gebed nie.

Elke onverhoorde gebed is egter nie aan sonde toe te skryf nie. God weet beter. Hy het sy tyd. My sonde kan ook tussen my en God staan. So bid Dawid vir sy buite-egtelike kind, maar hy sterf om Dawid se sonde ontwil (2 Sam. 12:14).

Daar kleef dikwels baie sonde aan ons. Dit kan die agtergrond vorm van my onverhoorde gebede. Verootmoedig jou daarom steeds in gebed voor die Here en pleit om vergiffenis ter wille van Jesus Christus.

Jesus het ook 'n “onverhoorde” gebed beleef (Matt. 26), maar nie omdat Hy sonde gehad het nie, wel ter wille van ons sonde. In Hom word die sonde waarmee ek na Hom kom bedek, sodat ek nie eendag voor die regterstoel van God onverhoord gelaat sal word nie!

Sing: Psalm 86:3

Ds. LD (Lourens) Aucamp (Emeritus)